

"DIE BLINKKLIPPIE"

WEEKLIKSE NUUSBRIEF VAN GEREFORMEERDE KERK POSTMASBURG

(Jaargang 21 - nr. 37.)



"Die Woord het mens geword en onder ons kom woon. Ons het sy heerlijkheid gesien, die heerlijkheid wat Hy as die enigste Seun van die Vader het, vol genade en waarheid."

Johannes 1:14

12 September 2021

HARTLIK WELKOM!

Dit is waarlik 'n voorreg om weer vanoggend as gemeente saam die HERE te dien

EREDIENS: Dr. Petrus Venter

Erediens – 9h30

LITURGIESE GEGEWENS

Skriflesing: Openbaring 1 (1983 Vertl)

Teks: Openbaring 1: 3,11,17-18

Sing- VOORAF SANG: Sb. 2-2 (34):1,3

TYDENS EREDIENS: Ps.145: 2,3;

Ps. 98:2,4; Ps. 40:3; Ps. 118:8

CHRISTUS MAAK HOMSELF MET SY WOORD EN SY KERK ÉÉN

- Christus gee die openbaring rakende sy Woord.
- Christus se getuienis aangaande sy Kerk.
- Christus se openbaring betreffende sy heerskappy en heerlijkheid.

Vooraf sang: Sb. 2-2 (34): 1, 3

Ontmoetingsdiens

Votum

Lofsang: Ps.145: 2, 3

Geloofsbelydenis

(Apostoliese Geloofsbelydenis)

Verootmoediging en versoeningsdiens

Wet

Sing: Ps.98: 2,4

Gebed

Woorddiens

Sing: Ps.40:3

Skriflesing: Openbaring 1 (1983 Vertl)

Teks: Openbaring 1: 3, 11, 17-18

Preektema

CHRISTUS MAAK HOMSELF MET SY WOORD EN SY KERK ÉÉN

Liefdesdiens kollekte – DVB

By die deure – Thusofonds

Slotsang

Sing: Ps. 118:8

Wegstuurseën

KOLLEKTES

Vandag: 12 Sept. 2021

In die banke: DVB: By die deure: Thusofonds

Sondag: 19 Sept. 2021

In die banke: DVB: By die deure: Teologiese Studentekas

U kan die SnapScan kode gebruik om u kollekte aan die diakonie af te dra ...



WYK – DIENSBEURT

Vandag- 12 Sept. 2021: Wyk 3

Ouderling: Oudl. Rassie Erasmus

Diaken: Diak. Viljoen v/d Walt

Wyksuster: Sr Lientjie v/d Walt

MEELEWING

- Ons het verneem dat br Gert Brits se gesondheid merkbaar agteruitgaan. Ons vertrou dat die Here die broeder elke dag naby sal wees en hom in sy lyding sal bly dra.
- Hartlike gelukwense aan br James en sr Janika Johnston met die geboorte van hulle babadogtertjie Leja. Mag sy as toevoeging tot julle gesin ook vir julle baie seën en vreugde inhou. Ons gelukwense gaan ook aan haar grootouers en al die familie in ons gemeente!
- Ons is teenoor die Here dankbaar dat die aantal Covid-19 positiewe gevalle drasties afgeplat het. Ons vertrou dat almal wat nog aan die herstel is en die nadraai van die siekte moet dra heeltmal hulle kragte sal herwin. Ook almal wat in die afgelope tyd getoets moes word vertrou ons hulle die siekte gespaar mag bly.
- Groot dank en waardering vir almal wat in ons vleisprojek tot op hede hard saamgewerk het en daar alreeds soveel seën ook op hierdie werk mag rus. Ons vertrou dat u as gemeente werklik ook sal meehelp in die verkoop van heelwat vleis wat nog oor is en ook met die verdere bemerking hiervan.
- Die beplanning om op 1 Oktober by ons kerkgebou ons kermis aan te bied is aan die gang. Mag dit vir ons almal ook 'n dag wees van samesyn en groot vreugde om op die wyse ook in die Here se wingerd werksaam te wees in die instandhouding en finansiële opbou daarvan.

VERJAARSDAE

Donderdag – 16 Sept. Drickus Nel

Donderdag – 16 Sept. DJ Vermeulen

Donderdag – 16 Sept. Lica Vermeulen

Sondag 19 Sept. – Marina Reinecke

Dinsdag – 21 Sept. – Wikus Snyman

Mag u 'n geseënde nuwe lewensjaar ingaan met die volle oortuiging dat ons tye is in die Here se hande.

OORSIGTELIK FINANSIËLE STAND VAN GEMEENTE

Dankoffers ontvang vanaf 1 Maart – 9 Sept. 2021	R385 693- 00
Kermis vleisprojek 2021 (Inkomste tot op 9 Sept.)	R100 895-74
Werklike uitgawes huidige finansiële jaar	R629 782-24
Ramings per lidmaat per jaar	R883-00 (Hier is 'n verhoging)

Voorsitter is oudl. Lukas Potgieter (079 695 0555)

DANKOFFERS

U kan die Bybelse beginsels en dit wat 'n prinsipiële uiteensetting van die opdrag tot 'n dankbaarheidslewe en dit wat ons dankoffers moet wees, van ons webwerf aflaai.

U kan dit aflaai by <http://bit.ly/2D0uRqf>

Laat ons asseblief met die nodige erns wat ons voor die Here hiermee moet werk dan wel hieraan aandag gee. Al is ons in bitter swaar tye met ekonomiese werklikhede so negatief as kan kom moet ons dankbaarheid voor die Here altyd eerste staan. **Ons het ook 'n nuwe artikel in die verband bygevoeg. Wyle ds. Ben Fourie het ook baie goed die saak kon uiteensit.** U kan dit lees by

<https://bit.ly/3j1e2xT>

ALGEMENE KERKNUUS

GKSA NUUSBROKKIES

Gaan laai gerus nuusbrokkies van ons webwerf af. Die jongste beroepenuus en vele meer is daarop beskikbaar soos weekliks aan ons deurgestuur. U kan dit van ons webwerf aflaai by: <http://bit.ly/2SxThy0>

KATEGESE

Al die werk en ons roosters is op ons webwerf onder katkisasie gelaai. U kan dit aflaai by <http://bit.ly/2KhypYe>

Laerskool-katgeses Al die lesmateriaal is beskikbaar by <http://bit.ly/2KhypYe>

Katkisasie gaan vandag voort. Ons kom by **Sondag 15 Kategismus en Hoofstuk 15 in Laat my lammers wei ...**

Hoërskool – katgeses Die 5 jongmense wat aangedui het hulle graag hierdie jaar belydenis van geloof wil aflê is ons dankbaar vir die 2 Saterdag wat ons saam kon wees en daar baie sake in die geloof hanteer kon word. Die beplanning is dat ons nog een keer so gaan saamkom en wel op 23 Sept. 2021, weer om 10h00 op Soetfontein.

BYBELSTUDIE - <https://youtu.be/xUZo6kTaM9M>

Ons Bybelstudies tans in die gemeente handel oor verskillende gebede in die Here se Woord. Dit word elektronies deur ons YouTube kanaal gedoen. U kan op YouTube gaan en soek na die Gereformeerde Kerk Postmasburg. Al die vorige opnames is daar beskikbaar. Die laaste gebed wat ons behandel het, staan in Handeling 8:1-25. **In wat hier staan beseft ons die werk van die Heilige Gees kan nie goedkoop gemaak word nie! Hierdie gedeelte wys ook hoe belangrik dit is dat ons 'n Gees-ervulde kerk moet wees ... Die Bybelstudie kan afgelaai word by <https://youtu.be/xUZo6kTaM9M>**

HUIS JAN VORSTER (HJV)

Daar is in hierdie tyd werklik 'n groot behoefte en tekort aan skoonmaakmiddels by Huis Jan Vorster, soos tandepasta, seep, sjampoe, prep.

Die Dorkas Susters wil elke suster wat reeds 'n bydrae gemaak het bedank. Suster Lizzette Kotze het haar dank uitgespreek vir elke bydrae wat hulle ontvang het. Ons is dankbaar dat ons diakonie ook weer 'n bedrag aan HJV in die tyd oorbetaal het.

PRETORIA FM OPNAMES (MAAK MY U WEË BEKEND) EN KATEGISMUS-PREDIKING

Uitsendings word op Sondag om 17h00 uitgesaai. Luisteraars kan in Postmasburg en in die grense van ons gemeente inskakel op TV oudiokanaal 887. U kan ook deur die internet luister by <http://www.pretoriafm.co.za>.

Daar is ook webgrepe (potgooie) van die program op Pretoria FM se webwerf. U kan daarna gaan by <http://bit.ly/2NuDyOX>

Daar is dele naby Postmasburg wat die stasie op die frekwensie 107.5 wel opgevang word.

Die program begin Sondag om 17h00 op die skottel by kanaal 887.

Sondag-aande is daar ook prediking vanuit die Kategismus wat deur verskeie leraars hanteer word. Dit begin om 19h00 en staan bekend as 'n Aand-Ateljeediens. Vanaand se leerprediking vind plaas uit Sondag 36 van die Kategismus.

VSOD (VERENIGING VIR SENDING ONDER DUITSSPREKENDES)

Ons as gemeente is op 'n besondere wyse met die roeping en sendingwerk van dr. Victor d'Assonville in Duitsland verbind. Hy is deur ons ingevolge Artikel 7 Kerkorde beroep en na Duitsland gestuur. Hy is tans rektor by 'n Teologiese Skool in Duitsland. Laat ons voortdurend sy roeping en werk biddend voor die Here bring en dat dit geseënd mag wees. As u meer wil uitvind oor die kerklike toestande in Duitsland en die groot nood dat teologiese opleiding aldaar moet kan plaasvind gaan na www.vsod.co.za. Op Facebook kan u gaan na bit.ly/2OoU0nf

Die VSOD stel ons in Postmasburg in staat dat daar volhoubaarheid in die werk kan wees. As u dit oorweeg om ook finansiële tot hierdie baie groot opdrag by te dra, al is dit dalk net met 'n R100 per maand, kontak asb. vir dr. Petrus.

ETIESE SAKE

Daar is 'n nuwe afdeling op ons webwerf bygevoeg met die bedoeling dat ons as gelowiges toegerus mag word om oor hierdie sake weer grondig na te dink en om onself daarvoor te verantwoord. Dit sluit in ou sake maar wat nuut oor gedink moet word. Onder andere ons beskouing oor ons huwelikslewe en gesinslewe. Dit gaan ook oor saamwoon vóór die huwelik.... U kan daarna gaan by <http://bit.ly/2Q0Ccw1>

KERKRAADSAKE

VERGADERINGS:

Volgende Diakonievergadering – 14 Nov. 2021
Kerkraadsvergadering- 18 Nov. 2021

KERKLIKE GEGEWENS

Gereformeerde Kerk Postmasburg
Posbus 74 Postmasburg

E-pos: admin@gksa-postmasburg.co.za

Tel: 053 313 3710

Landlyn Pastorie: Tel: 053 313 0571 **Nuwe selnommer 064 558 7204** (Oue werk ook nog!)

Predikant	Dr. Petrus Venter	084 704 2348	ds@gksa-postmasburg.co.za
Skriba	Oudl. Leendert Snyman	083 286 8496	leendert@webmail.co.za
Admin Beampte	Vakant	084 704 234 8	admin@gksa-postmasburg.co.za
Voorsitter: Diakonie	Diak. Johan Reinecke	082 579 8572	johanreinecke@yahoo.com
Koster	Br. Francois Marais	076 612 2255	
Kassier	Oudl. Lukas Potgieter	079 695 0555	lukaskathu@gmail.com
Sendeling	Dr. Victor d'Assonville	0049 1755063249	vicdas@rtsonline.de

Ons gemeente se webwerf en facebook-blad is soos volg:

<http://www.gkpostmasburg.weebly.com>

<http://bit.ly/2Ydk7wK>

STATISTIEKE VORIGE SONDAG

Erediens bywoning	61
Kollekte: DVB	R2431-00
Kollektes by deure	R1657-20
SnapScan en elektroniese bydraes diakonie	

GEREFORMEERDE KERK BANKBESONDERHEDE – ALLE REKENINGE BY ABSA

Rekening	Rekeningnommer
Kerkkas	2130-3400-35
Diakonie	2130-28-0008
Dorkas-susters	407-382-6782

Daar is nog heelwat vleis in die Kerksaal beskikbaar. Daar is keurige halwe lammers (R110/kg) en ander snitte skaapvleis (ook skaaptjops @ R125/kg). As u bestelling wil plaas en wil kom afhaal kontak asb. in die week vir dr. Petrus / sr. Christine by wyse van WhatsApp op die nommers 0847042348 of 0845119620 ...



Snap here to pay

SnapScan

Berigte vir Blinkklippie moet asseblief teen **Woensdag 16h00** per e-pos gestuur word na admin@gksa-postmasburg.co.za